



# Durbanville Gemeente: 185 jaar saam in diens van God se nuwe wêreld

Thys Pretorius

## 1. Bietjie agtergrond

Vanaf die stigting van Durbanville Gemeente in 1826 was dit die oortuiging van gemeentelede dat hierdie gemeente nie net bestaan ter wille van haarself nie, maar om 'n diens te lewer aan ander. Reg van die begin af het die gemeente gedien as 'n oase vir graan- en wynboere oppad na die Kaapse mark.

Die eerste lidmate wat die kerk gebou het se ideaal was om nie net vir die boere in die omgewing 'n plek te gee om na die Woord van God te luister nie, maar om ook vir reisigers wat hier ontspaan, die geleentheid te gee om die Heer te aanbid. Hul ideaal was om "een Kerkgebouw aan de Pampoenkraal te stichten, al waar niet alleen gezet Zondags den openbaren Godsdienst waarnemen, maar waardoor ook reisigers, daar ontspannende, met hen den Heer zouden kunnen dienen." Toe die kerk ingewy is op Sondag, 6 Augustus 1826, skryf *The South African Chronicle*: "This beautiful little church, refreshing to the eye of the traveller, like an oasis in the desert, and of incalculable importance to the dwellers of the country, as a light shining in a dark place, has at length been opened for public worship."

Sowat 10 jaar gelede is die visie van die gemeente verwoord deur die leuse wat vandag op die borde buite die kerk staan: "saam in diens van God se nuwe wêreld." Durbanville Gemeente se visie, vanaf 1826 tot vandag, is om nie net ons gemeentelede te versorg en te bedien nie, maar om ons gemeentelede toe te rus en te bemagtig om ook ander te versorg en te bedien. Elke gemeentelid van hierdie gemeente word deur Jesus gestuur om daar waar jy woon, werk en leef ander te versorg en te dien met die liefde van die Here.

## 2. Ons pad oor die laaste paar jaar

As die geestelike leiers in die gemeente het ons tydens 'n kerkraadsnaweek vroeg in 2008, besin oor hoe ons lidmate kan bemagtig as gestuurde dissipels wat ander versorg en dien. Dit wat ons die naweek by God en by mekaar gehoor het, het ons aksies van toe tot nou gerig, en glo ek, sal ook ons aksies verder in die toekoms rig.

Ons glo die leierskap se rol is om lidmate by te staan, toe te rus en te bemagtig, sodat hulle as dissipels van Jesus saam in diens van God se nuwe wêreld kan wees in hulle daaglikse handel en wandel. Ons verantwoordelikheid, as geestelike leiers, is om lidmate hierin te begelei en te ondersteun sodat hulle hul dissipelskap kan uitleef in die wêreld.

Die verstaan van ons visie het aanleiding gegee tot die skep

van 'n nuwe bestuursmodel. Die doel van die model is nie net vir beter funksionering nie, maar ook om beter groei in ons verhouding met God en met mekaar te bewerk en so ook toe te laat dat lidmate hul roeping en gawes uitleef.

Op 'n praktiese vlak beteken dit dat ons almal versorgers en bedienaars vir mekaar moet wees. As ons werklik ons visie wil uitleef, kan ons nie op 'n handjiewol mense staatmaak om al die versorging en bediening te doen nie. Ons almal het 'n verantwoordelikheid om te versorg en te bedien; nie net vir mekaar binne die gemeente nie, maar ook daar waar ons in die gemeenskap is, in die wêreld van werk en ontspanning.

So het ons al ons strukture en prosesse sedert 2008 belyn met die doel om 'n kultuur van versorging en bediening te kweek in ons gemeente. Op voetsoolvlak het dit byvoorbeeld beteken dat:

- die kerkraad grotendeels saamgestel word uit die voorsitters van verskillende bedieninge;
- die predikante se pligte en verantwoordelikhede gevorm is rondom versorging en die verskillende bedieninge;
- kleingroepe die primêre voertuig is waardeur ons onderling vir mekaar sorg en bedien (eerder as die wykstelsel);
- gemeentelede gelyke sorg vir mekaar moet dra (1 Korintiërs 12: 25);
- elke lidmaat 'n versorger is;
- en elke lidmaat geroep word om Jesus se koningskap konkreet uit te leef in elke faset van hulle lewens (rentmeesterskap).

Vervolg op bladsy 3



# Handelinge 2011

Ds Gys van Schoor

Ons leef tans in Handelinge 2011! Die Realiteit van Handelinge en die Realiteit waarin ons vandag in 2011 leef is dieselfde. Die omstandighede verskil radikaal, maar die realiteit is steeds dit: die koninkryk is hier!

Daarmee word bedoel dat die koningsheerskappy van God, as ons diepste Realiteit, met die opstanding van Jesus op aarde, deurgebreek het. Met die opstanding en hemelvaart van Jesus is Hy gekroon tot die koning van hemel en aarde. Hy regeer tans. In die hemel (die onsigbare dimensie van ons huidige werklikheid) word sy regering aanvaar en gevier. Op aarde word dit hoofsaaklik geïgnoreer en teëgestaan. Die kerk is egter die mense op aarde wat die Koning leer ken het en wat leer om onder sy koningsheerskappy te leef. So dra ons ook Jesus se koningsheerskappy die wêreld in.

In Handelinge 1:1 is daar in die 1983 vertaling 'n woordjie weggelaat wat van groot belang is. In die Nuwe Lewende Vertaling word die woordjie herwin: "In my eerste boek (Lukas-evangelie) het ek u vertel van alles wat Jesus *begin* doen en leer het." Dit gaan dus in Handelinge oor Jesus, oor wat Hy *voortgaan* om te doen en leer.

# Roepman

Ds Tinus van Zyl

Roepman speel af in 'n klein dorpie op die spoorweë in die jaar 1966. Die verhaal van hierdie dorpie word vertel vanuit die perspektief van 'n jong, onskuldige seun, Timus. Vol verbeelding en kinderlike verwondering, glo Timus dat Joon, 'n gawe, dog effens eienaardige jongman, wat heeldag met sy fiets deur die dorp ry met sy oë gerig na bo, sy verlosser en ook die redder van die hele gemeenskap is.

'n Mens sou baie oor hierdie film kon sê, maar ek wil net een tema uitlig, naamlik Joon se beroep as roepman van die dorp. 'n Roepman se werk was om soggens al die werkers op die spoorweë wakker te maak. Wanneer Timus in een toneel weereens die lof van Joon besing, skel sy pa geërg: " 'n Roepman is die laagste werk wat 'n witman op die spoorweë kan doen!"

Die ironie is dat byna niemand, behalwe Timus, vir Joon oplet of ag nie, terwyl Joon almal raaksien en meer van die mense van die dorp weet as enige iemand anders. Niemand dink hulle het die roepman se hulp nodig nie – hulle kan mos self wakker word en opstaan! – maar die roepman weet hoe lomerig en deur-die-slaap die mense van die dorp is, onbewus van dit wat rondom hulle aangaan.

Jesus is dié Roepman, wat ons kom wakker skud: "Word

## Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500	Halwe blad	R750
Kwart blad	R375	1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.

(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, te weier.)

## Uit die Woord

'n Belangrike vraag is nou: hoe doen Jesus dit? En die antwoord is in Handelinge 1:8: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal My getuies wees." In die ou tyd wanneer 'n koning gekroon is, is boodskappers uitgestuur om te vertel: "Ons het 'n nuwe koning!" Hulle sou dan die koningskap van die nuwe koning aankondig en proklameer oral waarheen hulle gaan, tot in die verste uithoeke van die koninkryk.

Dit is altyd as goeie nuus verkondig: om mense op te roep tot vreugdevolle aanvaarding van die gesag van die nuwe koning. Dit is presies hoe ons Handelinge 1:8 moet verstaan. Jesus is die nuwe Koning – ons moet dit in die wêreld orals gaan aankondig, proklameer, indra en leef.

Die Nuwe Lewende Vertaling vertaal Handelinge 1:8 so: "Julle sal krag ontvang en oral mense *eerstehands* van Jesus vertel." Dit is hoe ons Jesus se koningsheerskappy die wêreld indra. Ons leer om eerstehands met Jesus te leef en getuig eerstehands van sy koningsheerskappy oor ons lewe!

## Uit die Wêreld

wakker! Staan op! Die koninkryk van God is hier! God se nuwe dag het aangebreek!" Jesus se opstanding uit die dood is die helder wakker wat die wêreld roep om wakker te word, om op te staan en te leef vir God se nuwe aarde wat oppad is. En met ons doop is ons ook opgewek, sodat ons kan opstaan en vandag kan leef as bewoners van God se nuwe wêreld.



Soos lied 481 se tweede vers sê:

Ontwaak en staan op uit jou sonde vir goed!  
Die nag het verdwyn met sy duister.  
Die lig van genade, met blydschap begroet,  
skyn lankal op aarde met luister.  
Jou roeping is heilig en heerlik jou taak,  
maar min is die ure – ontwaak dan, ontwaak!

## Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

# Durbanville Gemeente: 185 jaar saam in diens van God se nuwe wêreld (vervolg)

Thys Pretorius

Ons as die leierskap van die gemeente het al hoe meer besef dat ons self besig is om te leer wat dit beteken om rentmeesters en dissipels van Jesus te wees. Die finansiële situasie van die gemeente het vir ons 'n ware toets geraak vir die uitleef van ons verantwoordelikheid as God se rentmeesters.

Oor 'n aantal jare het ons kontantreserwes uitgeput geraak en het ons in der waarheid 'n tekort gewys van R168 000. Die groei in die gemeente se inkomste het begin afneem en nie meer tred gehou met die groei in uitgawes nie. Die mees verantwoordelike manier om die tekort reg te stel, was om uitgawes te sny. Die items wat die meeste hierdeur geraak was, was salarisse en eiendomme.

Gedurende hierdie tyd het ons net weereens die grootheid en wonderbaarlike liefde van ons God en Vader in werking gesien. Die Here het ons ryklik geseën. In 'n periode van 'n jaar het ons inkomste met 14.8% toegeneem! Die styging in inkomste het die gemeente instaat gestel om wel bonusse aan die einde van 2010 te betaal, die kontantreserwes is herstel, R50 000 is oorgedra na reserwes om te dien as 'n buffer vir toekomstige onvoorsiene uitgawes en R194 000 is bewillig vir projekte buite ons gemeente. ALLE EER AAN ONS HEER!

### 3. Waar gaan ons heen?

Oor die laaste drie jaar het ons 'n pad gestap om te leer hoe om:

- dissipels van Jesus te wees (40 dae met Jesus)
- saam te groei (Jesus maak ons heel)
- in diens te staan van God se nuwe wêreld (Jesus stuur ons)

In die jare wat kom, glo ons dat die fokus behoort te bly op versorging en bediening. Met die besef dat die kerk daar is ter wille van dissipelskap en dissipelskap daar is ter wille van die wêreld. In die praktiese uitleef van dissipelskap en rentmeesterskap, bly die kerkraad se fokus op:

#### a. Versorging


Ons wil 'n gemeente wees waar mense vir mekaar omgee en mekaar versorg. God het ons lief en versorg ons. Hy doen dit deur ons in te nooi in 'n egte verhouding met Hom en met mekaar.

Versorging behels onder meer om vir mekaar te bid; om mekaar te vergewe; om geduldig te wees met mekaar; om mekaar lief te hê, en om mekaar te leer en te onderrig. Die lede van die liggaam van Christus dra gelyke sorg vir mekaar en só bou die liggaam homself op en stel hom in staat om die wêreld lief te hê.

Ons wil 'n gemeente wees waarbinne verhoudingsbou kan plaasvind; waar groepe mense saam, in kleingroepverband en in die groter kerkstruktuur:

- God ontmoet en Hom aanbid;
- ingebind raak in die geloofs familie;
- groei in dissipelskap;
- aktief saamleef in diens van God se nuwe wêreld.

### SKEMATIESE VOORSTELLING VAN BESTUURSMODEL:



#### b. Bediening

Ons wil ons lidmate toerus en bemagtig om bediening op die been te bring, waar hulle 'n nood of leemte raaksien en hulself daartoe geroepe voel om 'n bediening daar te stel om hierdie behoefte aan te spreek. Bediening is soos die benaming aandui, 'n groep wat andere bedien of versorg op een of ander wyse. Die persone wat hierby betrokke is, gee dus gratis van hul tyd en talente om die lewe vir andere makliker en beter te maak. Bediening funksioneer binne die gemeente se visie. (Lees meer oor ons gemeente se bediening op bladsye 4 en 5.)

#### c. Rentmeesterskap

Ons wil 'n kultuur in die gemeente skep waar ons besef dat:

- Alles oor God gaan. Om te dink dat alles oor myself gaan, is 'n wêreldse beskouing.
- God is die enigste eienaar van sy skepping – ons bestuur dit slegs namens Hom.
- Omdat ek 'n dissipel van Jesus is, gaan ek noodwendig met verantwoordelikheid om met alles wat Hy skep en aan my gee.
- Omdat ek God lief het, kan ek nie anders as om aan Hom gehoorsaam te wees nie.
- God seën my, nie net ter wille van myself nie, maar sodat ek vir ander tot seën kan wees.

As 'n uitlewing hiervan wil ons voorstel dat 'n groter persentasie van fondse wat ingesamel word in die gemeente na buite aangewend behoort te word, veral ook ter ondersteuning van die bediening wat ons gemeentelede in die gemeenskap uitleef.

### 4. Afsluiting

Baie dankie aan elkeen van u wat na God se stem luister en getrou bly. Mag God u ryklik seën en mag u sy vrede ervaar.



# Bedieninge van Durbanville Gemeente

Ds Tinus van Zyl

Durbanville Gemeente wil jou graag toerus, begelei en bemagtig om as dissipel van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld te wees, daar waar jy woon, werk en leef. Die bedieninge van ons gemeente is geleentheid om in-diens-opleiding te ontvang, sodat jy volledig toegerus sal wees om as Jesus se gestuurde dissipel die wêreld te dien.

Enige iemand kan 'n bediening inisieer. As Jesus 'n saak op jou hart lê, en jy vind 'n paar medegelowiges om saam met jou hierdie visie na te streef deur hulle gebed, ondersteuning en bydraes, dan is dit 'n bediening van Durbanville Gemeente en dan is jy die bedieningsleier van daardie bediening.

Hier is 'n baie vinnige voëlvlug oor sommige van die bedieninge in ons gemeente:

## GEBEDSBEDIENING

Bedieningsleier: Bertha Pretorius



### Doel:

Om die gemeente van Durbanville te motiveer en te leer om in 'n interaktiewe verhouding met God te lewe en saam met Hom deel te neem aan dit waarmee Hy besig is in die wêreld, naamlik die koms van die koninkryk.

### Uitkoms:

Gebed funksioneer in die hart van die gemeentelike lewe in eredienste, kleingroepe, kategeese, bedieningsgroepe, bestuurspan, kerkraad en ander. Daar is ook verskeie gebedsgeleenthede wat deur lidmate benut word om saam te bid. Gereelde toerusting oor gebed word gegee.

## EREDIENSTE

Die Klassieke diens, Familiediens, Tienerdiens (*The Shack*) en Aanddiens het elk 'n afsonderlike eredienstgroep met 'n eie bedieningsleier.

### Doel:

Om 'n ruimte te skep waarbinne gemeentede:

- God ontmoet deur die Woordverkondiging en bediening van die sakramente;
- die onderlinge liefde van die geloofsgemeenskap beleef;
- toegerus word om na die Woord te luister in afhanklikheid van die Heilige Gees en so saam met hul medegelowiges te onderskei wat God vandag vir ons (gesamentlik) en vir jou (individueel) wil sê;
- hul eie roeping en taak in diens van God se nuwe wêreld ontdek, daarvoor bid en daarvoor getuig.

## KLEINGROEPE

Bedieningsleier: Willem van Schalkwyk



### Doel:

Dat elke lidmaat voltyds of deelyds inskakel by 'n kleingroep of 'n bediening, waarin hy/sy:

- toegerus word in sy/haar dissipelskap van Jesus;
- versorging van medegelowiges kan gee en ontvang;
- bemagtig word om in diens van God se nuwe wêreld te leef.

### Uitkoms:

- Voortdurende kommunikasie, bewusmaking en uitnodigings wat toeganklikheid van kleingroepe bevorder.
- Effektiewe inskakeling van mense by gepaste kleingroepe.

# Bedieninge

- Verskaffing van sinvolle materiaal.
- Geestelike begeleiding van groepe en groepleiers.

## JEUGBEDIENING

### Doel:

Vir die jeug om in 'n verhouding met God te staan en vanuit die verhouding met Hom te leef.

### Uitkoms:

Om die jeug in hulle leefwêreld te ontmoet en hulle te begelei tot 'n vaste geloofsverbintenis aan Jesus Christus, tot geloofsvolwassenheid en tot diens in die wêreld.

### Waardes:

- 'n Diepe sorg vir die geestelike groei van die jeug.
- Respekteer die jeug as volwaardige lidmate van die kerk.
- Om getrou te bly aan die roeping "saam in diens van God se nuwe wêreld".

## FISANTEKRAAL CRÉCHES

Bedieningsleier: Edith Fehrson



### Doel:

*Fisantekraal Crèche Support* sien dit as sy taak om dames wat 'n dagsorgdiens aan kinders in Fisantekraal wil lewer, te help. Die hulp is veral om te sorg dat hulle strukture sal voldoen aan die vereistes wat gestel word om te kwalifiseer vir registrasie by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

### Uitkoms:

Ons taak behels die oprigting van houthuise wat leefbaar, skoonmaakbaar en veilig is. Verder verskaf ons tweedehandse meubels, speelgoed, storieboeke en klere vanaf die kerkkantoor wat deur gemeentede geskenk word.

Kerklidmate raak eerstehands betrokke d.m.v. lesse en terapie, die maak en herstel van speelgoed, voorlesing van boeke, sang en musiek, drama en voordrag, asook voorbedding.



# Bedieninge van Durbanville Gemeente

Ds Tinus van Zyl

## KOMMUNIKASIE

Bedieningsleier: Zaretha King



### Doel:

1. Om gemeentelede te help om die visie: "As dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld"

- te verstaan en praktiese voorbeelde daarvan raak te sien
- maklike toegang te verkry tot geleenthede om dit uit te leef
- terugvoer te gee en te getuig van hoe die visie gestalte vind in hul lewe.

2. Om ons gemeente aan die breër samelewing bekend te stel as 'n geestelike tuiste, 'n veilige oase, waar Jesus gebroke mense ontvang, heelmaak en uitstuur.

## RENTMEESTERSKAP

Bedieningsleier: Jac Laubscher



### Doel:

Die vestiging van 'n rentmeester-kultuur in die gemeente.

### Uitkoms:

- Gemeente begin al hoe meer rentmeesterskap verstaan.
- Verstaan rentmeesterskap as deel van dissipelskap.
- Gemeente begin al hoe meer as rentmeesters/dissipels leef.

## GEMEENTEFEESTE

Bedieningsleier: Willem van der Vyver

### Doel:

Om die gemeenskap van gelowiges te bevorder deur saamkuier feeste, wat lidmate help om met mekaar kontak en wisselwerking binne die geloofsverband te hê.

### Uitkoms:

- Om lidmate in staat te stel om hul gawes en talente te gebruik, wat daarop gemik is om gemeentefunksies, etes en feeste te reël.
- Om verhoudinge te bou waar versorging ook op 'n sosiale vlak kan plaasvind.
- Om meer mense in die gemeente op dié manier te leer ken.
- Om uit te reik na mense buite die gemeente.
- Om God te eer en te dank vir alles wat ons ontvang het – ook deur saam fees te vier!

## KRAAIFONTEIN BEDIENING

Bedieningsleier: Sakkie Bosman

### Doel:

Ons sien om na behoeftiges soos hulle op ons pad kom.

### Uitkoms:

Geloof wat in daade oorgaan.

Mense in nood word bewus dat die kerk van hulle bewus is en vir hulle omgee. Dit gee hulle weer nuwe hoop.

Die kerk werk in vennootskap met Badisa en ondersteun die groot barmhartigheidswerk wat hulle doen.

# Bedieninge

## DE PORT'UUR GROEP

Bedieningsleier: Marié Conradie



### Doel:

Om senior lidmate in ons gemeente so te bedien dat hulle God ontmoet en Hom aanbid.

### Uitkoms:

Om 'n struktuur van versorging daar te stel waar seniors mekaar en andere met die liefde van Jesus dien en versorg:

- Senior lidmate word sosiaal, prakties, pastoraal en geestelik versorg in ons gemeente.
- Mobilisering van lidmate om in te skakel by die versorgingstruktuur van De Port'uur groep.
- Om diensbaar te wees in God se nuwe wêreld.

## SPORTBEDIENING

Bedieningsleier: Annes Schreuder

The Sportbediening van Durbanville Gemeente is daarop gemik om 'n verskil in mense se lewens te maak deur middel van sport. Ons primêre uitreik is in Fisantekraal, via die *Covenant Soccer Ministry*.



## SOPKOMBUIS

Bedieningsleier: Grete Becker en Bettie Collins

Die Sopkombuis geskied in samewerking met verskeie ander kerke. Die sop en brood word uitgedeel by die Taxi-stasie. Enige iemand kan 'n bydrae maak tot die Sopkombuis deur sop te maak, brood te bring of die sop en brood self te gaan uitdeel.





# Durbanville/Bergsig Seniorgroep

Marina van Lill

Die Durbanville/Bergsig Seniorgroep is 'n vereniging vir afgetrede lidmate van die N.G. Kerke Durbanville en Bergsig. Na 'n beskeie stigting van dié groep in die tagtiger jare het die groep in vele opsigte stelselmatig gegroei. Aanvanklik kon die groep goed funksioneer met enkele reëls, maar later moes 'n reglement opgestel word. Prof. Attie Barnard, 'n lid, het dié reglement, wat tans in gebruik is, opgestel.

Die bestuur bestaan tans uit 6 lede, plus 4 addisionele lede, wat elke tweede jaar verkies word. Lede is herkiesbaar. Die groep se temalied is Lied 188:1-2. Byeenkomste en/of uitstappies vind een maal per maand plaas. Vergaderings geopen met skriflesing, gebed en die sing van Lied 188.

In die verlede het uitstappies gereeld plaasgevind na die Kunstekaap (Nico Malan), die Baxter Teater en vertonings vir seniors in die Bellville Burgersentrum. Om finansiële en ander praktiese redes het die huidige bestuur die besoeke gestaak. Vroeër het die Seniors, met meestal twee 60-sitplek busse, drie maal jaarliks op uitstappies gegaan, o.a. vir ons jaarlikse

## Bedieninge

worsbraai na Ceres se "In die Bos" piekniekplek! Was dit nou lekker!

Vanjaar vind drie ete-besoeke plaas, o.a. die kerse te na Eenzgesind. In alle geval word die uitstappies gesubsidieer uit die groep se fondse. Weens die algemene ekonomiese situasie, vind bejaardes dit toenemend moeilik om kop bo water te hou. Feit is, hulle oorleef hul geld! Die Seniorgroep probeer om hul lede finansiël tegemoet te kom, derhalwe het die groep geld nodig.

Die ledetal is tans 91 lede. Die ouderdom wissel van 60+ tot 93 jaar. Almal is meelewend en help waar hul kan! Ten slotte, dié groep is uniek in dié opsig dat hulle 'n wisseltoffee (hul eie "Kerrie Beker") het, waarvoor jaarliks meegeeding word. September vind die vasvra plaas tussen die lede van Bergsig en Durbanville. Die wenners se naam word op die Piet Pretorius Trofee (lg. lid wat dit gemaak en geskenk het) aangebring.



## Advertensie: Familieplaas

Theunis Kotze

More almal, ek gaan vandag vir julle van ons familie, die Kotzé-familie, se plaas, Willemsrivier wat tussen Nieuwoudtville en Loeriesfontein lê, vertel.

So het Willemsrivier sy naam gekry: Daar is 'n klein riviertjie wat deur ons plaas loop en omdat dit 'n natuurlike oopkol was het van die voorgeslagte hulle vee daar laat wei. Die persoon wie se weiveld dit eintlik was, se naam was Willem Kotzé. Daar het die rivier die naam Willem se Rivier gekry. Daarom is ons plaas toe sommer ook Willemsrivier genoem.

Hierdie plaas gaan eendag aan ons gesin behoort en ek sal die agtste geslag wees wat hierdie plaas erf. My oupa, Tienkie bly steeds op Willemsrivier en boer met skape. My pa, Arend en oom boer ook deelyds saam met my oupa. Ons gaan gereeld plaas toe en dit is vir my 'n wonderlike voorreg om deel van hierdie geskiedkundige familie-plaas te wees.

Dit is baie lekker op die plaas, daar is baie geskiedenis asook baie mooi blomme, daarom het ons selfsorg gastehuse met slaapplek vir 30 persone sodat die mense in die stad ook die plaas kan geniet. Jul kan bespreek by my ouma, Lulu 073 513 2040 of by my ma erikakotze@mweb.co.za



As jy na die foto kyk sal jy sien dat die plaas in die vorm van 'n dorpie gebou is met 'n "hoofstraat" in die middel. Die plaas is net 4km vanaf Nieuwoudtville met slegs 1,6km grond-pad. Al die huisies is volledig toegerus met linne en elektriese komberse.

Jesus het die kindertjies lief!  
Jesus het JOU lief!



Lukas 18:15-16 sê vir ons...

<sup>15</sup>Die mense het ook kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Toe die dissipels dit sien, het hulle met die mense daarvoor geraas. <sup>16</sup>Maar Jesus het die kindertjies nader geroep en gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle."

## Kleur die prentjie van Jesus en die kindertjies in


Gaan lees Markus 10: 13-16 en vul die gedeeltes in wat leeg is.

<sup>13</sup>Die mense het \_\_\_\_\_ na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy \_\_\_\_\_ het met die mense daarvoor geraas.

<sup>14</sup>Maar toe \_\_\_\_\_ dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie \_\_\_\_\_ nie, want die koninkryk van \_\_\_\_\_ is juis vir \_\_\_\_\_ soos hulle."

<sup>15</sup>Dit \_\_\_\_\_ Ek julle: Wie die \_\_\_\_\_ van God nie soos 'n \_\_\_\_\_ ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie."

<sup>16</sup>Hy het sy \_\_\_\_\_ om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en \_\_\_\_\_ geseën.





# 10 Jaar van omgee

Ds Rian Venter



Die Omgeediens in ons gemeente is vanjaar in die tiende jaar van dienslewering! Ons loof die Here vir die werk wat die afgelope 10 jaar gedoen is!

Van 'n beskeie begin en 'n beperkte verstaan van wat ons eintlik moet doen, het die Omgeediens gegroei tot 'n uitgebreide aksie, wat op verskeie maniere 'n verskil in mense se lewens maak. 'n Besondere deel van die versorging in en buite ons

# My geloofreis saam met Durbanville Gemeente

Sandra Jordaan



TWEE DEKADES VAN GENADE ... dis hoe ek my geloofsreis saam met Durbanville Gemeente sal opsom.

Dit voel soos gister (Februarie 1993) toe ek die Sondag my eerste diens bygewoon het. Op daardie dag het ek die verstommende ervaring gehad dat ek by 'n veilige oase, waar ek nog wonderlike dinge gaan beleef, aangekom het. En hoe waar het dit nie geword nie!

My vorige dekade in Kimberley is ingesluk deur sport. Ek het my tyd saam met die Here afgeskeep. Met ons verhuising Kaap toe, het ek besef dit is 'n nuwe seisoen en ek het die besluit geneem om my sportbetrokkenheid in te kort en meer tyd aan my geestelike groei te bestee.

Deur die jare het ek doelbewus ingeskakel by al die gemeente se aanbiedinge m.b.t. geloofsgroei: die Alfa-kursus, Beleef God, Doelgerigte Lewe, "Half Time", Ontdek jou Gawes, Jou Roeping en ander programme – te veel om te onthou.

Uit hierdie ervaringe het ek nuwe perspektiewe ontwikkel en met nuwe oë begin kyk. Ek het besef dat God 'n spesifieke pad met my loop (ek kon dit duidelik sien met die terugkyk in die truspieël). Ek het ontdek dat my sportpassie 'n Godgegewe gawe

# Dankbaar

gemeente word die afgelope 10 jaar deur die Omgeediens gedoen.

Die Here het mense bymekaar gesit uit professionele en nie-professionele beroepe, wat elkeen uit sy of haar agtergrond en gawes, bydra dat mense se nood verlig word. Baie dankie aan elkeen van julle se ondersteuning en hulp!

Ons lidmate het volledig ingekoop in die werk van die Omgeediens en ons is so dankbaar daarvoor! Die verrassende is dat uit die bydraes wat ons kry; finansiële, kos, klere, meubels en ander, kon ons in elke behoefte voorsien!

Van die begin af was dit vir ons prioriteit om verantwoordelik te werk. Daarom word elke aansoek vir hulp evalueer, beplan die taakspan die hulpproses wat gevolg moet word en volg ons op met nasorg. Sodoende word mense weer selfversorgend en onafhanklik.

Na 10 jaar kan ons getuig dat die Here omgee vir mense wat in nood is en op verskillende maniere swaarkry. Ons kan eerstehands getuig dat God mense gebruik om die verskil te maak en dat ons keer op keer verras word deur sy goedheid.

# Ons Mense

is en dat dit die terrein is waar Hy my verder wil gebruik. Met my organisatoriese gawes kon ek dien in verskillende komitees, waar ek veral geleer het om op God te fokus vir leiding.

Ek was baie huiwerig om met die eerste 40 dae 'n kleingroep te fasiliteer. Ek was besorg oor die intimiteit wat dit sou meebring. Weereens het ek ontdek om die Here te vertrou en gehoorsaam te wees. In die groepie het ek my verwonder oor die manier hoe God Homself aan ons groep geopenbaar het, hoe ons duidelik sy hand kon sien in ons lewensverhale en hoe die geestelike groei van kleingroeplede oorgevloei het na gesonde, liefdevolle en funksionele gesinsverhoudinge.

In ons gemeente het ek ook persoonlike hartseer beleef. In 2001 is my man hier begrawe. Daarna het ek my besig gehou met wat God daagliks oor my pad gestuur het. Ek het geleer om die Here te vertrou met my toekoms. Op sy tyd het God die regte geesgenoot gestuur en kan ons einde September die vreugde beleef van 'n nuwe verbintenis. Saam met God kan ons 'n nuwe seisoen binnegaan.

My verbintenis met ons gemeente sal altyd 'n onvergeetlike tyd in my lewe bly. Alle eer aan die Heer wat met my saamstap op my geloofsreis. My gebede is dat elke gemeentelid sal groei in hul verbintenis met die gemeente in die algemeen en God in die besonder.